WAT

Woordeboek van die Afrikaanse Taal

# OORSIG VAN 2022

## TOT BY Z IN TIEN JAAR

Sewe jaar van die tienjaarplan vir die voltooiing van die *WAT* bly oor nadat al die gestelde doelwitte vanaf 2019 bereik is. Dit kan onomwonde verklaar word dat dit goed gaan met die Woordeboek van die Afrikaanse Taal.



### *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* en ander produkte

Daar is fluks gevorder met die werk aan die *WAT*. Die letter T is teen 31 Maart 2022 voltooi en in April is daar begin met die werk aan die letter U. Werk het goed gevorder en teen die einde van September was 31 van die 38 subtrajekte van U voltooi.

Die laaste gedrukte deel van die *WAT*, Deel XVI, is verlede jaar bekendgestel. Die *WAT* sal voortaan slegs aanlyn beskikbaar wees. Voorsiening word egter wel gemaak vir besitters van die gedrukte *WAT*: ’n Omslag met T tot Z en Deel XVII tot XX op die rugkant sal beskikbaar gestel word. Die woordeboeke sal niks bevat nie, behalwe ’n wagwoord vir toegang tot die *Aanlyn WAT*. Die omslae sal geneem word uit die bestaande voorraad van gedrukte woordeboeke.

## Bevordering van Afrikaans




*Jak de Priester saam met dr. Willem Botha*

Twee Woordpretgeleenthede is in die verslagtydperk by die WAT gehou, nl. een met die sanger Jak de Priester in April en een in Augustus met Heinz Mödler, kunstenaar, skrywer en medikus.

Twee landswye kompetisies is gehou, nl. die Afrikaanse handelsnaamkompetisie en die Nuutskeppingskompetisie. Die wenner van die nuutskeppingskompetisie was *kuljoene*, die miljoene rande wat jaarliks op verskillende maniere in verkeerde hande beland. Ons vennote in hierdie kompetisie is RSG, die ATKV en die Woordfees. Die nuutskeppingskompetisie is daagliks op RSG se verhoog by die Woordfees aangebied.

Dr. Botha en mev. Alet Cloete het maandeliks in die program Taaldinge op RSG luisteraars se taalnavrae beantwoord. Die program staan onder leiding van Ina Strydom en word om 11:00 op ’n Sondag uitgesaai.

Dr. Botha bespreek elke Vrydagoggend net voor sewe-uur op Monitor ’n Afrikaanse woord na aanleiding van die week se nuusgebeure. Die aanbieders doen daarna ’n kort promosie vir Borg ’n Woord van ongeveer een minuut. Monitor het ongeveer een miljoen luisteraars.

# LexiEditors' Forum




Die *WAT* is waarskynlik nou die grootste bron van Kaapse Afrikaans in woordeboekformaat. Dr. Gerda Odendaal het meer as 'n jaar daaraan spandeer om die Kaapse woorde in die *WAT* uit te brei. Hierdie projek het nodig geword omdat daar die afgelope tien jaar heelwat in Kaaps gepubliseer is en die materiaal nou geredelik beskikbaar is.




*Die elf nasionale woordeboekeenhede is verteenwoordig in die LexiEditors' Forum waar gemeenskaplike probleme twee keer per jaar bespreek word. Die WAT het vanjaar gasheer gespeel vir die Forum en prof. Nico Koopman, vise-rektor van die US, het die besoekende hoofredakteurs verwelkom.*

# Borg 'n Woord




Prof. Hester Klopper, voorsitter van die Direksie, het die 12de jaarlikse trekking van die Borg 'n Woord-Sanlamprys waargeneem. Op die foto verskyn dr. Willem Botha en mnr. Abdul-Rashied Essop van Sanlam saam met haar. Mnr. Werner Stapelberg was die gelukkige wenner van R25 000.

In Oktober het Amore Bekker oorgeneem by Amanda Strydom en Hannes van Wyk as beskermvrou van Borg 'n Woord vir 2022 – 2023. Dit is tans die dertiende jaar van hierdie suksesvolle projek waardeur reeds meer as R4 miljoen geïn is. As jy jou gunstelingwoord wil borg of koop, gaan na www.wat.co.za en klik op Borg 'n Woord.

*'n Geïllustreerde Woord van die Week, gekies uit die* WAT, *verskyn elke week in vier hoofstroomkoerante en 14 plaaslike koerante. In sommige hoofstroomkoerante word dit sonder die illustrasie gepubliseer.*





Werkwinkels in die gebruik van die *Aanlyn WAT* is by twee skole en aan Onderwysstudente van die KSUT-kampus op Wellington aangebied. Lesplanne met memoranda is elektronies aan die onderwysers en dosente beskikbaar gestel na afloop van die werkwinkel. Die doel is om aan onderwysers leiding te gee in die gebruik van die *Aanlyn WAT* in die onderrig van Afrikaans. Tweedejaar- en Honneursstudente van die US se Departement Afrikaans en Nederlands het lesings by die WAT bygewoon. Die lesings het gehandel oor ’n vergelyking tussen die *WAT* as ’n sinchroniese omvattende verklarende woordeboek en die *OED* as ’n historiese omvattende verklarende woordeboek. Die opleidingspan het bestaan uit mev. Alet Cloete, mnr. Gerhard van Wyk, dr. Gerda Odendaal en mev. Esmaré van der Merwe en dr. Botha het die lesings by die WAT aangebied.

## Dankie

Die WAT Direksie en die WAT Trust se ondersteuning speel ’n deurslaggewende rol in die sukses van die WAT as maatskappy. Ons donateurs maak dit vir ons moontlik om ’n kreatiewe en produktiewe maatskappy te wees. Die lede van die WAT Direksie is: prof. H. Klopper (voors.), prof. R.H. Gouws (o.voors.), dr. W.F. Botha (uitvoerende direkteur), prof. W.A.M. Carstens, prof. F.S. Hendricks, mnr. H.A.J. Lombard, prof. M. Pienaar en dr. R.A. Stevens. Die lede van die WAT Trust is: mnr. J.A. Holtzhausen (voors.), mnr. P. Aucamp, dr. W.F. Botha, mnr. R.P. Gouws, mnr. A. Jacobs, mev. B. Matthews, mnr. D.G. Meyer, me. A. Pienaar-Vosloo en prof. A. Schoonwinkel.

## Donateurs

*’n Besondere woord van dank gaan aan ons Anker-donateurs:*

ABSA, Afrikanerbond, ATKV, †H.C.L. Aucamp, Dagbreek Trust, G.T. Ferreira, Fonds Neerlandistiek, Fynbos Trust, Hermann Giliomee, Gouwsgesin, D.W.R. Hertzog, E. de la H. Hertzog, Grande Roche Hotel, Het Jan Marais Nationale Fonds, D.M. Hoogenhout, Jannie Mouton Stigting, M. Jooste, L.W. Hiemstra Trust, Marie Luttig Trust, Meakergesin, Laetitia Morkel, National Lotteries Board, Nederlandse Taalunie, N. Steyn Trust, Piet Olivier, Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit, Pricewaterhouse Coopers, Remgro Beperk en Venfin Beperk, Reunert Beperk, Rupert Gesinstigtings, Sanlam, Sappi Beperk, Sasol, Sdu Nederland, Stonehage Charitable Trust, Trust vir Afrikaanse Onderwys, Universiteit Stellenbosch, Universiteit van Pretoria, Universiteit van die Vrystaat, Wenakker (Edms.) Bpk.

Ons bedank ook graag al ons ander donateurs en al die deelnemers aan Borg ’n Woord. Nog donateurs en die deelnemers wat woorde gekoop het, verskyn op ons webtuiste by www.wat.co.za

Kom ons doen dit vir Afrikaans!

Beide die WAT en die WAT Trust het belastingvrystelling kragtens artikel 18A. Inligting oor donasies is te kry by www.wat.co.za, 021 887 3113 of wat@sun.ac.za